

Dinsdag 21 September

Skrifgedeelte: Filemon 4-25

Fokusgedeelten Filemon 20-25

Ontvang mekaar in die liefde van Christus met blydskap

Vreugde behoort en moet deel wees van elke kind van God se lewe. Paulus leer baie duidelik dat hy tans in die gevangenis sit. Ons weet mos dat Paulus vir 'n geruime tyd in huisarres was waar hy mense kon ontvang. So kon hy die Woord ook verkondig aan Onesimus, 'n wegloopslaaf van Filemon. Treffend dat die blydskap in Paulus se hart amper voorwaardelik is. "Bewys my hierdie guns, maak my hart bly ..."

Dit gaan natuurlik oor Onesimus wat deur Filemon as medebroeder ontvang moes word. Hoe aangrypend dat Paulus die vrymoedigheid het om aan 'n medegelowige te skryf oor 'n saak wat seker nie te maklik oorgesien is in daardie tyd nie. Onesimus verdien die dood, maar juis sien ons die Gees van God wat op besondere wyse gelowiges in Christus bymekaar kan en ook moet bring.

Ons kan duidelik aflei dat Paulus as medegelowige Filemon baie goed geken het as hy verwys na medewerkers in die koninkryk van God. Hy stuur groete. Iets wat ons vandag mos nog baie goed ken. Daar word tog gedink aan mekaar, maar hier is dit 'n onbreekbare band wat deur Christus saamgesnoer is. U sal seker ook kan terugdink aan tye waar u dalk van 'n ander gemeente afkomstig was en mooi herinneringe het as medegelowiges mekaar raakloop en groete aanstuur. 'n Hartlikheid wat ons goed ken in die gemeenskap van die heiliges.

Treffend sluit ons leesgedeelte af met die gebruikelike seëngroet. Die genade van die Here sal by julle wees. Ons weet mos God se genade is ons hemelse Vader se onverdiende goedheid wat oor ons is deur die krag van ons Here Jesus Christus. Hierdie krag bring versoening tussen mense om hierdeur ook ons liefde aan God te bewys. Laat ons onthou om ook in ons saamwees dit met blydskap te doen.

Sing: Skrifberyming 8-1:2

Ds. MJ Lourens (Matthys) (Nelspruit/Barberton)